

19 Augustus

1 Kronieke 23 en 24

Wy alles in jou lewe aan God se diens toe

Volgens 1 Kronieke 21:6 het Joab nie die Leviete getel nie. Nou lees ons egter dat hulle later nie alleen getel is nie, maar ook almal opgeskryf is. Dawid se sonde was immers nie dat hy 'n sensus gehou het nie, maar die rede waarom hy dit gedoen het. Aanvanklik wou Dawid die volk tel sodat hy homself in sy eie mag kon verlustig. Hy wou weet presies hoe magtig hy is. Nou word die Leviete egter getel en opgeskryf sodat hulle dienswerk in diens van God gereël kon word. Die fokus is nie meer op Dawid nie, maar op die diens van God.

Ons kan en moet ook bestek opneem van ons eie lewe en die dinge waarvoor ons as rentmeesters aangestel is. Ons moet dit net altyd vir die regte rede doen, naamlik om dit aan God se diens toe te wy. Byvoorbeeld: Die meeste mense kontroleer maandeliks hulle bankstate. Waarom? Bloot om te sien hoeveel ek besit? Kyk ons ooit na ons bankstate met die oog daarop om te sien of my kerklike bydrae strook met die seën wat ek die afgelope maand ontvang het en of ek my geld bestee het op 'n verantwoordelike manier sodat God se diens daardeur gedien kan word?

Mag ons die Here se Woord ter harte neem sodat dit nie nodig sal wees dat Hy eers van ons ook moet wegneem voordat ons erken dat alles aan Hom behoort nie!

Sing: Psalm 119:7

Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)